Kanola silo op Krige ingewy

TOIT WESSELS, ledebemarker: Kaapprovinsie, Graan SA

Die kanola silo's op Krige is op 3 Desember verlede jaar geopen deur mnr Chris Punt, die burgemeester van die Theewatersvlei Munisipaliteit.

Daar word ongeveer 8 000 ha kanola in hierdie gebied geplant en in 'n goeie jaar was opbergingspasie nog altyd 'n probleem. Die bou van die silo's was nodig om die logistieke druk van die Swellendam silo's te verlig. Caledon en Rietpoel silo's kan wel ook kanola opberg.

3

1: Die kanola silo's op Krige het 'n kapasiteit van 11 000 ton en is tans vol kanola van die 2013-oes.
2: Kanola word hier geweeg, gegradeer en geberg.
3: Kellie Becker (Soill), Chris Punt (burgemeester: Theewatersvlei Munisipaliteit), Toit Wessels (Ledebemarker: Kaapprovinsie, Graan SA) en Erenst Pelser (SSK) het die inwydingsfunksie bygewoon. ■

1

2